NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

blitspos

Jaargang 18 – Uitgawe 15

24 April 2025

## Haar klein sakrament

Om *Blitspos* te ontvang, stuur 'n e-pos na bladuitleg@nhk.co.za of grafies@nhk.co.za en versoek dat u naam op die versendingslys geplaas word

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan taal@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

**Die Saterdagoggend vroeg bel 'n verpleegsuster van Herfsland, die tehuis vir bejaardes waar ek die volgende dag 'n erediens sou lei en nagmaal bedien. Sy beduie dat die dame wat normaalweg die begeleiding doen nie beskikbaar is nie maar dat een van die inwoners ingestem het om die klavier te speel vir Sondag se diens, Sy wil graag weet watter liedere ons gaan sing sodat sy 'n bietjie kan oefen. Ek gee 'n paar baie bekende gesange deur.**

Sondagoggend is ek vroeg daar om vertroud te raak met hoe ons die nagmaal gaan bedien. Stadig, stadig kom die mense aan. Party loop met kieries, ander met looprame, dié wat nog gemaklik kan loop, stoot mense in rolstoele die saal in. Dis naderhand tien minute voor die diens moet begin. *Waar is Marga?,* vra een dame. *Seker nog in haar kamer,* kom die antwoord. *Ek sal gaan kyk. Bly sy nog in die verste kamer op die boonste vloer?,* kom die aanbod en aanvraag.

Net toe kom Marga in, skuifel-skuifel agter haar loopraam. 'n Mens sien dadelik Marga is 'n statige, goedversorgde dame. Sy het 'n netjiese snyerspakkie aan, bypassende bloes, sykouse en hakskoene. Elke haar is op sy plek en sy is mooi gegrimeer. 'n Pêrelhalssnoer en -oorbelle rond die prentjie af.

Marga stel haarself aan my voor en sê dat sy twee stukke voorberei het om voor die diens te speel. *Asseblief*, vra ek. Met moeite skuif Marga voor die klavier in. Sy maak haar bladmusiek op die regte plek oop. Toe word sy eers stil, buig haar kop en doen 'n stilgebed. *Saggies teer is die roepstem van Jesus* is die eerste lied, Hierop volg *Ek sien 'n nuwe hemel kom.*

Die bekende note kom dalk nie heeltemal vloeiend nie en die tempo is heelwat stadiger as waaraan ek gewoond is, maar die toegewydheid en liefde waarmee elke noot gespeel word, maak die liedere wat gespeel word verruklik mooi.

Ek begin met die diens en laat as lofsang *O Heer, my God, as ek in eerbied wonder* sing. Weer is die musiek stadig, meer staccato as vloeiend, maar die senior burgers sing met oorgawe saam, al bewe sommige stemme maar so 'n effe. Na my preek, is dit tyd vir nagmaal. Ek vra vir Marga om iets te speel terwyl die brood en wyn die rondte doen. Sy speel die *Onse Vader*. Ek sien hoe sigbaar aangedaan die mense is. Om nagmaal te kan gebruik, is vir hulle kosbaar, meer nog so met die baie bekende note van die *Onse Vader* in hul ore.

Ons sluit af met *Nader, my God by U.* Dit word met soveel eerbied en gevoel gesing dat ek sukkel om saamgesing te kry as gevolg van die knop in my keel. Die gebruik is dat die predikant ná die diens by die agterste deur van die saal staan en almal 'n handdruk gee. Ek sien Marga staan by die klavier en wag tot ek klaar is.

*Dominee, ek is so jammer dat ek soveel foute gemaak het met die eerste lied*, sê sy vir my. In alle eerlikheid kan ek vir haar sê dat ek nie 'n enkele fout gehoor het nie, maar ek sien Marga is steeds ontsteld. Ek gee haar 'n drukkie. Dis asof sy my nie wil laat los nie. Ook maar goed so, want toe kon sy nie sien hoe nat my oë is nie.

Marga het met haar klein sakrament van klavierbegeleiding hierdie nagmaal een van die heiligstes gemaak wat ek in my 67 jaar beleef het.

**Ds Etienne Fourie**
**(Emeritus/Benoryn)**

## Lief en leed

- **Ds Rudi en Nadine Janse van Rensburg (Swellendam)** het op 7 April 'n seuntjie ryker geword. Baie geluk!



Mev Jinnie Botha



Mev Selna van Staden

- Die Kerk het met leedwese kennis geneem van die volgende:
    - **Mev Annatjie Botha**, eggenote van ds Hennie Botha (emeritus) is oorlede. Die Kerk betuig meegevoel met ds Botha en die familie. Haar begrafnisdiens vind Vrydagoggend 25 April om 11:00 in Marble Hall plaas.
    - **Mev Jinnie Botha**, moeder van ds Theuns Botha (emeritus) is Goeie Vrydag op die ouderdom van 90 oorlede. Haar lewe word op Saterdag 3 Mei om 10:00 by Gemeente Wapadrant gevier. Die skakel vir die stroming sal later volg.
    - **Mev Selna van Staden**, eggenote van dr Piet van Staden (emeritus/Worcester), se gedenkdiens vind op 3 Mei om 11:00 plaas te Gemeente Worcester. Die skakel vir die stroming van die diens sal later volg.

- **Die volgende predikante verjaar tot 2 Mei 2025, en word hartlik geluk gewens:**

    - Donderdag 24 April: Ds HP (Herman) van den Berg (65) (Elandspoort)
    - Vrydag 25 April: Dr WAJ (Wimpie) van Schoor (62) (Primrose-Oos)
    - Saterdag 26 April: Ds HPF (Paul) Kern (73) (emeritus)
    - Sondag 27 April: Dr KD (Kálmán) Papp (73) (emeritus)
    - Maandag 28 April: Ds P (Pieter) Rossouw (39) (Mafeking/Zeerust)
    - Donderdag 1 Mei: Ds NM (Nick) Alberts (61) (emeritus)
    - Vrydag 2 Mei: Ds HJ (Henk) Labuschagne (35) (Silverton)

## Gemeentes en bediening

- Enige saak wat volgens die Kerkorde onder die aandag van die **Moderamen** gebring moet word, moet mev Karen Breedt (**karen@nhk.co.za**) asseblief **teen 28 April** bereik **vir 9 Mei** se Moderamenvergadering. **Geen laat sake** sal in die agenda opgeneem word nie.

- Neem asseblief kennis dat die **Boekwinkel** gesluit sal wees van 29 April tot 2 Mei.

- Die Moderamen het by hul gewone vergadering gehou op 11 April 2025 die volgende besluite geneem:



Ds Drian en prop Anami Cockeran

    - **Ds Drian en prop Anami Cockeran** sal die NHKA vanaf 31 Oktober tot 5 November op die *All Africa Youth Conference* in Etiopië verteenwoordig. Hierdie kerklike konferensie is daarop gemik om ekumeniese bande te ontgin, jong kerkleiers te ontwikkel en etiese leierskap in Afrika te vestig en versterk.

    - Die **74ste AKV** vind vanaf Maandag 6 Oktober tot Vrydag 10 Oktober plaas. Die vergadering sal by die Gemeente Midstream en die omliggende kerke (Chorgesstraat 6, Midstream Estates) plaasvind. Daar sal op Sondag 5 Oktober vanaf 16:00 tot 19:00 'n informele kuiergeleentheid plaasvind vir diegene wat reeds in Pretoria is, en afgevaardigdes kan ook tydens dié geleentheid registreer. Die registrasie gaan voort op Maandag 6 Oktober vanaf 09:00 tot 12:00. Persone wat nie teen 12:00 geregistreer het nie, sal nie as stemgeregtigde afgevaardigdes kan sitting neem nie, en sal die vergadering slegs as waarnemers kan bywoon. Gemeentes moet toesien dat alle afgevaardigdes slimfone het, aangesien stemming by wyse van slimfone sal plaasvind. Die sittingstye word soos volg ingerig:

      **Maandag 6 Oktober:**
      14:00 tot 15:00 (openingserediens)
      15:30 tot 18:00 (reglement van orde, administratiewe sake, personalia en verkiesing van die predikantslede van die Kommissie van die AKV).

**Dinsdag 7 Oktober tot Vrydag 10 Oktober:**
08:30 tot 10:30
11:00 tot 13:00
14:00 tot 16:00
16:30 tot 18:00

Daar sal gepoog word om die vergadering laatstens op Vrydag 10 Oktober om 16:00 af te sluit.

Daar word beplan om die agenda in te rig aan die hand van die Kerkorde, terwyl die verband met die Kerk se viervoudige missie van viering, gemeenskap, getuienis en diens so ver moontlik gereflekteer sal word.


Ds Lorret de Leeuw

- Die Moderamen neem kennis van **ds LJ (Lorret) de Leeuw** se losmaking van Gemeente Breyten, en bevestig dat ds De Leeuw as predikant van Gemeente Carolina steeds ampsvoorreg geniet.

- Die Moderamen neem kennis dat **Gemeente Upington** tydens 'n buitengewone gemeentevergadering op 6 April besluit het om die gemeente te ontbind.

- **Gemeente Losberg** in Fochville is op 16 Mei 'n volle **100 jaar** oud. Die feesvieringe begin Sondag **18 Mei** met 'n **lofsangdiens** en word op die naweek van **30 Mei tot 1 Junie** voortgesit waartydens ons afskop met ons ***100 jaar van genade*-basaar**. Die basaar begin Vrydag 30 Mei om 09:00 tot 18:00 en gaan Saterdag 31 Mei van 08:00 tot 13:00 voort. Sondag **1 Junie** vier ons **nagmaal** om 09:30 waartydens groeteboodskappe en gelukwense oorgedra sal word. Ná afloop van die diens, sluit ons af met 'n ete en geleentheid om heerlik saam te kuier. Indien u (oud-predikante, oud-gemeentelede en belangstellendes) die geleentheid op Sondag 1 Junie 2025 wil bywoon, moet u asseblief **voor 14 Mei** vir **dr EB Marran** (082 444 1089) of **Sannietjie Boshoff** (072 361 2359) kontak.

- Met groot dankbaarheid en vreugde vier die **Gemeente Parys in 2025 haar 100ste bestaansjaar**. Dit is vir ons 'n besondere mylpaal en 'n geleentheid om die Here se seën oor die afgelope eeu te herdenk. Op **Saterdag 14 Junie** vind **'n spesiale funksie vanaf 15:00** plaas waartydens ons 'n gedenksteen sal lê. Alle lidmate, vorige lidmate en predikante word vriendelik uitgenooi om hierdie geleentheid by te woon. 'n Feeserediens word op **Sondag 15 Junie om 09:00** gehou waartydens 'n nagmaalsviering en 'n gemeente-ete sal plaasvind. **RSVP** voor of op **14 Mei** by 056 811 5026 of **parys@nhk.co.za**.

  Die feeskomitee sal dit opreg waardeer indien daar enige foto's beskikbaar is soos:
  - Doopfoto's.
  - Troufoto's.
  - Foto's van voorstelling en bevestiging van katkisante.
  - Enige ander foto's wat betrekking het tot die feesvieringe.

  Verskaf asseblief 'n kort beskrywing by elke foto asook datum indien moontlik. Stuur asseblief aan na **parys@nhk.co.za**.

## Vergaderings

| | |
|---|---|
| • Vrydag 25 April | Oudit- en Risikokomitee |
| • Dinsdag 6 Mei | Ouderlinge Ontwikkeling<br>Kuratorium |
| • Vrydag 9 Mei | Moderamen |

## Ringsvergaderings

- Die volgende ringsvergaderings moet nog plaasvind:

| RING | VERGADERPLEK | DATUM |
|---|---|---|
| CHRISSIESMEER | Chrissiesmeer | 10 Mei |
| HOËVELD | Nigel | 17 Mei |
| KLERKSDORP | Klerksdorp | 18 Mei |
| KROKODILRIVIER | Hartebeestpoort | 12 Mei |
| KRUGERSDORP | Krugersdorp-Noord | 10 Mei |
| LOSBERG | Sionspoort | 10 Mei |
| MIDDELBURG | Roossenekal | 24 Mei |
| NOORDELIKE BOSVELD | Naboomspruit | 7 Mei |
| OOS-RAND | Alberton | 25 Mei |
| PRETORIA-WES | Centurion-Oos | 18 Mei |
| ROODEPOORT | Kruin | 17 Mei |
| RUSTENBURG | Rustenburg-Tuine | 1 Junie |
| SWELLENDAM | Outeniqua | 10 Mei |
| VEREENIGING | Vanderbijlpark | 3 Mei |
| VRYSTAAT | Bloemfontein | 25 en 26 April |
| WES-KAAPLAND | Strand | 10 Mei |

## Werksgeleenthede

- Daar is tans twee vakatures binne die **Departement Historiese en Sistematiese Teologie** in die **Fakulteit Teologie en Religie** aan die Universiteit van Pretoria:
    - Die eerste is op die vlak van **medeprofessor** en word ondersteun deur die NG Kerk. Die fokus van die pos is op Sistematiese Teologie/Leerstellige teologie/Konstruktiewe Teologie. (Job ID: 25897)
    **https://www1.up.ac.za/psc/career/EMPLOYEE/HRMS/c/HRS_HRAM_FL.HRS_CG_SEARCH_FL.GBL?Page=HRS_APP_SCHJOB_FL&Action=U**
    - Die tweede is op die vlak van **Senior Lektor**. Dit word nie deur enige spesifieke kerk ondersteun nie, en die fokus is op Teologiese/Christelike Etiek, maar met 'n spesifieke belangstelling in interdissiplinêre aspekte van etiek. (Job ID: 25896)

    Sluitingsdatum: 30 April 2025
    Navrae kan gerig word aan: Prof Tanya van Wyk: Departementshoof

## Fondsinsamelings

- **Oornagfasiliteite: Seniordal.** Seniordal beskik oor oornagfasiliteite vir persone wat vergaderings of kongresse moet bywoon, of wat dokters moet besoek, of verblyf benodig vir familie van persone wat in die hospitaal is. Daar is veilige parkering en 24-uur-sekuriteit. **Vir navrae oor tariewe en vir besprekings**, kontak Salomie Stolz gedurende kantoorure 08:00-12:00 by 012 329 4318, of na ure by 083 308 0520.

## Kerklike en ander publikasies




## ’n Gedig

**Vroegherfs**

Die jaar word ryp in goue akkerblare,
in wingerd wat verbruin, en witter lug
wat daglank van die nuwe wind en klare
son deurspoel word; elke blom word vrug,
tot selfs die traagstes; en die eerste blare val
so stilweg in die rook-vaal bos en laan,
dat die takke van die laan populiere al
teen elke ligte môre witter staan.
O Heer, laat hierdie dae heilig word:
laat alles val wat pronk en sierraad was
of enkel jeug, en vér was van die pyn;
laat ryp word, Heer, laat U wind waai, laat stort
my waan, tot al die hoogheid eindelik vas
en nakend uit my teerder jeug verskyn.

**NP van Wyk Louw**

www.facebook.com/vivaafrikaans

## Eendrachtkring

- Die Eendrachtkring nooi alle lede vriendelik uit na **Afrikaans 100**. Op **8 Mei** vier ons die erkenning van ons lieflike taal as amptelike taal van Suid-Afrika 100 jaar gelede. Dit val saam met die Eendachtkring se byeenkoms en ons gryp die geleentheid aan om met ’n program van tradisionele sang, voordragte en vertellings om deel te word van die landswye vieringe. Ons eet weereens ’n middagete geborg deur die NHSV. RSVP voor of op Maandag 5 Mei by Kalla (072 278 1456) of Wilhelm (083 448 2143). Die geleentheid vind soos in die verlede in die gebou van Gemeente Wonderboompoort in Eloffsdal plaas. Ons sien mekaar graag.




## SP Engelbrecht-museum

- Kom geniet ’n heerlike kuier by die SP Engelbrecht-museum op **24 Mei** vanaf 16:00 tot 20:00. Begin die kuier met ’n piekniek op die grasperk saam met jou familie en vriende wat gevolg word deur ’n begeleide toer deur die SP Engelbrecht-museum. Die kuier word afgesluit met **spookstorievertellings** deur Jaco Hough-Coetzee. Wees daar, anders sal jy nie kan saampraat nie... Bespreek jou kaartjie by **https://www.webtickets.co.za/v2/event.aspx?itemid=1567372812**

## Toerusting

- **Die Werkgemeenskap Historiese Teologie (SA)** se **konferensie** vind op **12 tot 13 Augustus** by Gemeente Pretoria-Oos plaas. Hierdie jaar word Nicea 1700 gevier. Dit is belangrik dat kerke en akademici hierdie belangrike gebeure herdenk. Daarom word die bogenoemde konferensie beplan met die tema ***Skrif-Belydenis-Liturgie - Nadenke oor die Belydenis van Nicea****.*

  Die Werkgemeenskap Historiese Teologie (SA) in samewerking met die Departement Sistematiese en Historiese Teologie van die Universiteit van Pretoria nooi u uit om 'n voorstel in te dien vir **'n akademiese bydrae** tydens die konferensie. Sprekers sluit in akademici van verskillende toonaangewende universiteite.

  **Tydlyn**
  - 31 Mei 2025: Abstrak word ingedien
  - 12 Julie 2025: Finale program word uitgestuur
  - Konferensie: 12 tot 13 Augustus 2025.

  Meer inligting oor die konferensie sal nader aan die tyd in *Blitspos* gepubliseer word. Vir enige verdere navrae kontak gerus die volgende persone: prof WA Dreyer (**wimdreyer@nhk.co.za**) of dr Antionette Janse van Rensburg (**antoejvr@gmail.com**).

## VTT 2025

**Geroep – Ek glo en ek bely...**

Voortgesette Teologiese Toerusting (VTT) is 'n jaarlikse afspraak wat predikante onderling met mekaar het. Tydens ons werksessies slyp ons mekaar teologies en motiveer ons mekaar om die teologiese uitkomste in ons bediening tot uitvoering te bring.

Verlede jaar se tema het oor roeping gehandel en vanjaar vier ons Nicea 1700 of te wel, die Niceense Geloofsbelydenis wat 17 eeue gelede die lig gesien het. Tydens ons saamgesels gaan ons oor die essensie van Nicea gesels, homiletiese insigte deel en ook wyses vind oor hoe om die eeueoue belydenis in ons liturgie en gemeentes te laat herleef.

| **Geroep – ek glo, ek bely...<br>Streeksindeling VTT 2025** | | |
|---|---|---|
| **Streek** | **Ringe** | **Datum<br>Plek van VTT** |
| Gauteng<br>Pretoria | Pretoria, Magalies, Pretoria-Wes, Krokodilrivier | 6-7 Mei<br>Philadelphia |
| Gauteng<br>Johannesburg | Johannesburg, Brakpan, Germiston, Zuurfontein, Krugersdorp, Roodepoort, Vereeniging<br>Kollegas wat PTA VTT nie kon bywoon nie. | 4-5 Junie<br>Kempton Park-Oos |
| Oos Kaap | Oos-Kaapland | Tweeweeklikse virtuele gesprek |
| Noordelike Bosveld | Noordelike Bosveld, Laeveld | 6 Mei<br>Naboomspruit met ringsvergadering |
| Natal | Pietermaritzburg, Noordelike Natal | Aanlyn VTT |

| | | |
|---|---|---|
| Mpumalanga | Middelburg, Hoëveld, Chrissiesmeer, Bronkhorstspruit | 5-6 Augustus Genesaret by Chrissiesmeer |
| Bloemfontein | Bloemfontein, Noord-Kaapland | Aanlyn VTT |
| Noordwes | Potchefstroom, Klerksdorp, Maquassie, Vrystaat, Noordkaap, Rustenburg, Zeerust, Losberg | 19-20 Augustus Venterskroon |
| Kaap | Wes-Kaapland en Swellendam | Aanlyn VTT |
| Namibië | Dorsland | Desember aan die kus |




## Barmhartigheid

- **Ons Tuis Andries Marié Oosthuizen** in Parys nooi alle gholfspelers uit na hul **Gholfdag op Vrydag 9 Mei** te Parys Golf & Country Estate. Elke 4-bal kan inskryf vir R2 400 met goeie pryse en 'n gelukkige trekking deur die dag. Vir besprekings en borgskappe, skakel asseblief vir Lizette 056 818 1567, Jan 082 421 1122 of Belia 084 580 6104.

- Die volgende **NHSV-streekbyeenkomste** moet nog plaasvind**:**

| DATUM | STREEK | GEMEENTE |
|---|---|---|
| 9 & 10 Mei | Dorsland | Windhoek |
| 17 Mei | Noord-Kaap | Vryburg |
| 24 Mei | Noordelike Pretoria | Rietvallei |
| 24 Mei | Pretoria | Rietvallei |
| 31 Mei | Wes-Kaap | Worcester |
| 28 Junie | Noordwes | Klerksdorp |
| 2 Augustus | Bloemfontein | Goudveld |
| 2 Augustus | Oos-Rand | Springs-Oos |
| 16 Augustus | Oos-Transvaal | Lydenburg |
| 16 Augustus | Rustenburg | Schoemansdal |
| 23 Augustus | Hoëveld | Secunda |
| 23 Augustus | Wes-Rand | Weltevreden |
| 20 September | Noord-Transvaal | Welgelegen |
| 27 September | Vaalrivier | Deo Volente |
| 11 Oktober | Natal | Glencoe |
| Sal aangekondig word | Oos-Kaap | Port Elizabeth |

- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergeriewe met twee etes per dag teen R3 850 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Yvonne Willemse of matrone Jenny Wesson by 012 386 5310.

- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes teen R9 760 per maand. 'n Volledige versorgingsfasiliteit

sluit in 24-uur-versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Behuisingsfasiliteite teen R5 990 per maand is ook beskikbaar op dieselfde perseel; dit sluit drie etes en weeklikse wasgoed en skoonmaak van kamers in asook gratis deelname aan sosiale programme. Vir meer besonderhede, skakel matrone Teresa Broodryk by 056 811 2185.

- **Seniordal-aftreeoord** is die eiendom van die NHKA se **Gemeente Pretoria** en spesialiseer in lewensregverkope en verhuring aan selfversorgende persone ouer as 55 jaar. Die oord is geleë in die veilige omgewing van Rietondale in Pretoria. Seniordal beskik oor 24-uur-veiligheidsdienste en toegangsbeheer, en bestaan uit die volgende woonstelle:

  - Eenslaapkamer: R515 000
  - 1½-slaapkamer: R520 000
  - Tweeslaapkamer: R560 000

  Kontak Salomie Stolz by 012 329 4313 (08:00-12:00) of 083 308 0520 (na-ure) vir meer inligting.

- **Herfsakker Selfsorg-aftreeoord in Groblersdal:** Behuising beskikbaar vir persone ouer as 60. Geen versorging beskikbaar nie, persone moet selfversorgend wees. Geen etes word voorsien nie. Eie tuin. Tariewe is per vierkante meter en verskil van huis tot huis. ’n Deposito van twee maande huur is betaalbaar. Vir meer besonderhede, skakel Frik Rossouw by 082 830 6591.

- **Belfast Rusoord** bied onder meer 24-uur mediese versorging, CCTV, 24-uur-toegangsbeheer, drie gebalanseerde maaltye per dag, en aktiwiteite vir elkeen. Daar is fasiliteite vir semiversorging, verswakte bejaardes, en woonstelle vir selfversorging. Kontak Riana de Villiers by 013 253 31211 / 063 663 7449 / **manager@belfastrusoord.co.za** vir meer inligting en tariewe.

- **Athalia Uitreik in Bloemfontein** bied verblyf vir en versorging van bejaardes en persone met gestremdhede. Daar is enkel- en deelkamergeriewe in ’n huislike atmosfeer, verblyf met drie etes ingesluit, verblyf sonder versorging, en 24-uur-versorging. Navrae: 079 826 6363 / 084 023 0315 / 051 522 6089 / **navrae@athalia.co.za** / **www.athalia.co.za**.


## Betaalde advertensies in hierdie nuusbrief

**Advertensies waarvan ’n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin ’n gemeente ’n projek prominent wil bekendstel, kan in hierdie nuusbrief geplaas word.** *(Tekskennisgewings van gemeentes is gratis.)* Indien ’n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, **moet dit 15,5 cm breed x 6,5 cm hoog wees, resolusie 1878 x 815 pixels, 150-300 dpi.**

Stuur die voorgestelde **teks van nie meer nie as 75 woorde** met of sonder eenvoudige grafika of ’n foto saam met die bewys van betaling aan **mej Sanet du Plessis**, per e-pos na **taal@nhk.co.za**. GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie.

Die **teks en bewys van betaling** moet mej Du Plessis bereik teen 16:00 op die Maandag voor die betrokke uitgawe se verskyning. *Blitspos* word normaalweg die Woensdagoggend afgehandel en teen die middag op die webblad gelaai. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings.

**Die koste is R250 per plasing (BTW ingesluit)**. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + Blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om ’n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.**



## Gebed vir die week

Vader, gee my asseblief weer die vreugde
van u verlossing.
Verwyder die gees van swaarmoedigheid van my af,
en verkwik my met ’n gees van hoop.
Skenk my asseblief vreugde en vrede en vernuwe my krag.
Beskerm my en my gesin teen probleme, Here.
En gee ons ’n loflied vir U.

Amen.

**https://blog.youversion.com/af_ZA/2020/09/hier-is-n-bietjie-hoop-vir-vandag/**


Redakteur: Dr Johan van Staden
Subredakteurs: Ds Etienne Fourie en dr Annelie Botha
Koördineerder: Mej Sanet du Plessis
Uitlegkunstenaar: Mnr Hugo van Niekerk
Joernalis: Ds Iwana Hartmann